





# Namib - Naukluftpark






1 Visriviercanyon
2 Ai-Ais ruskamp
3 Kokerboom: *Aloe Dichotoma*

Die Namib-Naukluftpark, met 'n oppervlakte van bykans 4,9 miljoen hektaar, is die vierde grootste bewaringsgebied in die wêreld. Tydens 'n besoek aan die park sal u die geleentheid kry om kennis te maak met die talle uiteenlopende en interessante fasette van die oeroue Namib, 'n lang smal woestyn wat oor die lengte van SWA/-Namibië strek.

# DIE SUIDELIKE GEBIED


Laat ons u reis deur hierdie uitsonderlike landstreek vanuit die suide aanpak. Waarskynlik het u reeds aangedoen by die warmbron, Ai-Ais, en het u ook die skouspelagtige grootsheid van die Visrivierafgronde beleef, die grootste van hul soort in Afrika.






4 Wilde perde
5 Kolmanskop
6 Schloss Duwisib

6



5



'n Deel van die suidelike grens van die park lê langs die hoofpad wat weswaarts loop na Lüderitz. Dié atmosfeervolle kusdorpie is bekend vir sy Duitse koloniale argitektuur, smullekker kreef en die nabygeleë spookdorp, Kolmanskop. In Lüderitz kan u by Natuurbewaring se toeristekantoor inligting bekom oor die besienswaardighede in die omliggende woestyn.

Dit is in hierdie suidelike gedeelte wat daar aan die bekende wilde perde van die Namib beskerming gegee word. Soms is die perde van die pad af sigbaar waar hulle by Garub water drink. Daar is heelwat meningsverskille oor die oorsprong van hierdie perde. Dit is die enigste betekenisvolle trop wilde perde wat in Afrika voorkom. Een van die teorieë is dat hulle afstammelinge is van die perde wat deur die Schutztruppe agtergelaat is. Vandag word daar algemeen geglo dat die perde afkomstig is uit die kudde van die kleurryke Baron von Wolf wat hom by Duwisib gevestig het. As 'n mens na die grasieuse diere op die dorre woestynvlaktes kyk, besef mens dat dit byna 'n wonderwerk is hoedat hierdie mooi, eens mak, diere dit reggekry het om in so 'n onherbergsame omgewing te kon oorleef.

Oppad terug van Lüderitz draai u noord op na Aus, Sesriem, Sossusvlei, Naukluft en die noordelike gedeelte van die park. Die roete met die gruispad, wat grens aan die skouspelagtige voor-Namib, kan so beplan word om 'n besoek aan die Duwisibkasteel in te sluit.

7




# SOSSUSVLEI EN NAUKLUFT

Die kamp by Sesriem is u ingangspoort na die skouspelagtige Sossusvlei, 'n groot vlak pan, wat in goeie reënjare met water gevul word. Die duine wat die vlei omring, word as van die hoogstes ter wêreld gereken. By Sesriem is daar kampeerplekke, met gemeenskaplike wasgeriewe. Hout en brandstof is ook beskikbaar. U word aangeraai om ten minste twee nagte hier te vertoef, sodat u die Namib in al sy stemmings kan ervaar, maar ook 'n volle dag het om die Sossusvleigebied te verken.

Sesriem is 'n diep, smal skeur wat oor die eeue heen deur die Tsauchabrivier, in rotsgesteentes uitgekloof is. Met die eerste oogopslag is dit skaars sigbaar in die omliggende kalkvlakte — tot mens afkyk en die rivier meer as 30 meter dieper sien. Die skeur het sy naam van die vroeë setlaars gekry wat ses osrieme aanmekaar moes bind om 'n emmer water uit die rivier te skep.


Die skeur is naby die kamp en trappies is in die natuurlike rots gebou om die klim na benede vir selfs die mees aarselende besoeker, te vergemaklik.

Sossusvlei is sowat 63 km van Sesriem. Die gruispad word goed in stand gehou en daar is asemrowende duinlandskappe aan weerskante van die pad, tot by die vlei. Die laaste vier kilometer na die vlei moet te voet, of met 'n vierwiel-aangedrewe voertuig afgelê word. Klim gerus een van die hoër duine uit. Dit is meer as die moeite werd en u sal beloon word met 'n asemrowende uitsig oor die skynbaar eindelose duinesee, wat tot by die Atlantiese Oseaan strek. Beplan u uitstappie so, dat u óf die vroeë oggend- óf die laat middaglig op die duine kry. Geen kampering word by die vlei toegelaat nie, maar toegangstye is so beplan dat u teen sonop en sononder by die vlei kan wees. Dit is dán dat die lig vir fotograwe die mees dramatiese resultate bied. Die foto's wat u hier neem, sal waarskynlik die mees indrukwekkende van u hele besoek wees, terwyl die indrukke van die steeds veranderende



8

9



7 Duine by Sossusvlei
8 Sesriemcanyon
9 Sesriem na reën



10

lig, wat op die duine speel, en die kleure wat verander van 'n ligte sandkleur, na 'n diep baksteenrooi en selfs pers, u vir die res van u lewe sal bybly.


Geen voertuie word op die duine toegelaat nie en u mag ook onder geen omstandighede die paaie verlaat nie.

# NAUKLUFT


Die Naukluft-gedeelte van die park, wat in die voor-Namib geleë is, is ongeveer 120 km van Sesriem af. Hier lyk dit heeltemal anders as die omgewing waardeur u pas gereis het. Diep, koel poele, hoë rotswande en groot bome, staan in skerp kontras met die dorheid van die aangrensende woestyn. Hier sien mens dikwels koedoes, springbokke en Hartmann se bergsebra, wat slegs in die droë suidweste van die vasteland voorkom.

10 Gemsbok in Sossusvlei
11 Klipspringer
12 Koedoe

11



12



Die vier kampeerplekke, met volle wasgeriewe, word tot agt persone elk beperk. Vir natuurliefhebbers wat Naukluft besoek is daar 'n keuse van drie staproetes. Twee van die roetes neem minder as 'n dag om te voltooi en een is 'n strawwe staptoer van 'n hele paar dae. 'n Afsonderlike roetekaart met meer inligting oor die staproete is by Natuurbewaring se plekbesprekingskantoor, waar die staproete bespreek moet word, verkrygbaar.

# NOORDELIKE GEBIED


Om in die noordelike gedeelte van die park te kom gaan die hoofroete van Sesriem en Naukluft oor Solitaire tot naby die Kuisebrivier, waar u weer die park binnegaan.

Al die hoofroetes deur die Namib-Naukluftpark is gruispaaie wat goed in stand gehou

13



13 Stappers
14 Lekker swempoel
15 Kuisebcanyon
16 Homeb



14

word en maklik met 'n sedanmotor begaanbaar is. Wanneer u egter deur hierdie gedeelte van die park reis, is dit belangrik om te onthou dat daar geen brandstof, hout of water by enige van die verskillende kampeerterreine is nie.

Kort na u weer die park binnegaan het, is daar 'n ompad van ses kilometer na een van die mees indrukwekkende gesigte in die Namib — die Kuiseb-afgronde. Soos die meeste riviere in die land, is die Kuisebrivier ook selde in vloed. Maar daar is talle drinkgate in die droë rivierloop, waar die ondergrondse water deursypel en die diere in hierdie skynbaar onherbergsame gebied, laat oorleef.

In hierdie deel van die woestyn, is daar drie duidelik onderskeibare landskapsoorte. Dit is die duine, die gruisvlaktes en die droë rivierbeddings met hulle groot akasiabome. Na slegs 'n bietjie reën word die uitgestrekte vlaktes van die woestyn met groen gras bedek, wat groot troppe springbokke, gemsbokke en zebras lok.





15



16

In die duin- en tussenduingebiede kom daar hoofsaaklik gemsbokke voor, wat nie van oop water afhanklik is nie. Daar is 'n verbasende verskeidenheid voëlsoorte, waaronder die baie skaars Duinlewerik, wat slegs in die Namibduine voorkom, Swart- en Witrugaasvoëls asook talle ander soorte roofvoëls.

Wanneer u kamppeerplekke in die Namibgedeelte van die park bespreek, sal u 'n kaart kry waarop al die kampeerterreine en afstande aangedui is. Dit is belangrik om te onthou dat daar buiten put-toilette, geen ander geriewe beskikbaar is nie. Bring u eie hout en water saam en onthou dat u ten alle tye in besit van u permit moet wees.

Die mees gewilde kampeerplekke is, Homeb, op die walle van die Kuisebrivier waar die rivier 'n groen skeiding tussen die duine en die gruisvlaktes vorm. Mirabib in die Kuiseb-omgewing maar 'n bietjie meer noord, Blutkoppe, 'n groot granieteilandberg met 'n asemrowende uitsig oor die vlaktes en Ganab, waar, as dit gereën het, die grasvlaktes groot getalle wild lok. Vogelfederberg, op die hoofpad na Walvisbaai, is



17

nog 'n gunsteling kampeerplek. Die ronde granietdagsoom, kry meer reën as die omliggende vlaktes en dit is hier waar u die interessante aalwyn, *Aloe asperifolia* kan sien. Die aalwyn groei plat op die grond en dra blomstingels, wat parallel met die grond, eerder as regop groei.

Aangesien die woestyn baie sensitief is, word u nie toegelaat om van die pad af te ry nie. Voertuigspore, afgesien daarvan dat dit die omgewing vir altyd skend, veroorsaak onmeetbare skade in 'n gebied met 'n baie gevoelige natuurlike balans van flora en fauna. Die beste manier om die Namib te ervaar is om u motor langs die pad te parkeer en die woestyn te voet te verken. Op dié manier word die stilte en grootsheid van een van die oudste woestyne in die wêreld, 'n onvergeetlike ervaring.

# WESTELIKE GEBIED


Soos u verder wes beweeg, word die invloed van die mis meer sigbaar. Vir ongeveer 100 nagte per jaar, kom die mis voor. Dit is 'n belangrike bron van vogtigheid vir die plante en diere van die woestyn. 'n Groot verskeidenheid ligene, 'n kombinasie van alge en swamme wat 'n unieke "plant" vorm, kan oral op die gruisvlaktes en rotse gesien word.



17 Interessante wolkteksture
18 'n Vroulike *Welwitschia Mirabilis* plant
19 *Welwitschia Mirabilis*

19





18

Besoekende wetenskaplikes het al hierdie ligeenvoorkomste, wat die woestynrotse en vlaktes in sagte geelbruin, groen en rooi kleur, as een van die wonders van die wêreld beskryf.


Van die hoofpad na Swakopmund kan u 'n rondrit volg, wat as die Welwitschiaroete bekend staan. Hoewel die roete slegs 100 kilometer lank is, behoort u voorsiening te maak vir genoeg tyd, om die landskap en plantlewe te geniet. Afgesien van die ligene is daar volop *Welwitschia mirabilis* plante. Hierdie unieke tweeblarige lid van die keëlfamilie word net in die Namibwoestyn aangetref en kan enorm groot word. Die mooiste voorbeeld daarvan kom voor op 'n plek ongeveer 72 kilometer van Swakopmund. Dit word aangedui in 'n inligtingstuk oor die roete wat by Natuurbewaring se kantoor in Swakopmund verkry kan word.

Suid van Swakopmund, in die Walvisbaai-omgewing en die suidelike kus gedeelte van die park, is daar 'n ryk verskeidenheid voëllewe wat nie maklik elders te vinde is nie. Groot swerms Flaminke en Pelikane, Duikers en Sterretjies, wei in die strandmeer en op die soutvlaktes, naby die dorp. Die strandmeer by Sandvishawe, is een van die belangrikste moerasgebiede in Afrika. Dit bied skuiling en voedsel aan groot hoeveelhede van die sowat 200 000 moerasvoëls wat die Namibkus jaarliks benut.

Voëlliefhebbers sal ure op die hoë duine naby die strandmeer of tussen die woestyn-



20



21

20 Sandvishawe
21 Jakkals

plantegroei kan deurbring, om die groot verskeidenheid voëls dop te hou.

Geen hengel word in die strandmeer toegelaat nie, maar daar is uitstekende hengelplekke langs die pad na Sandvishawe. 'n Vierwiel-aangedrewe voertuig is noodsaaklik as u daarheen wil gaan, maar toere word ook deur plaaslike ondernemings op beide Swakopmund en Walvisbaai gereël. Onthou dat u in besit van 'n permit moet wees wanneer u hierdie gebied wil besoek.

# NUTTIGE WENKE VIR REISIGERS

**Klimaat:**
In die winter is die dae matig en in die somer baie warm. Die nagte word egter dwarsdeur die jaar koud; warm klere en goeie slaapsakke is dus noodsaaklik. Reënval is tussen 15mm en 100mm per jaar en baie wisselvallig. Nader aan die kus is dit dikwels mistig en koel in die aand. Sonbrandroom en 'n hoed is noodsaaklik teen die warm woestynson.



**Geriewe:**
Brandstof, water en hout is slegs by die Sesriem- en Naukluft-kampe beskikbaar. Hierdie twee is ook van goeie toilet- en wasgeriewe voorsien. Omdat baie van die klein plekkies nie motorhawens het nie, is dit raadsaam om u brandstof waar moontlik aan te vul. Onthou, afstande is groot en daar is min verkeer op die paaie. Dit is dus noodsaaklik dat u ook basiese onderdele en toerusting soos 'n spaarbuiteband, 'n domkrag en waaierbande met u saamneem. Daar is geen water beskikbaar in die noordelike deel van die park nie.

Dit is dus raadsaam om altyd genoeg water saam te neem en u voorraad aan te vul waar die geleentheid voordoen.

Suid-Afrikaanse reisigertjeks, bankgewaarborgde tjeks en Visa- en Masterkredietkaarte word by Natuurbewaring se ruskampe en kantore aanvaar. Geen buitelandse reisigertjeks word aanvaar nie.

**BESPREKINGS**

Plekbesprekings moet vooruit vir alle kampeerterreine in die park gemaak word en u moet u plekbesprekingsbewys ten alle tye by u hou wanneer u deur die gebied reis. Om teleurstelling te voorkom moet u vooraf u plekke bespreek by:

Die Direktoraat van Natuurbewaring en Ontspanningsoorde, Plekbesprekings, Privaatsak 13267, Windhoek, 9000.
Telegramme: NATSWA Windhoek.
Telefoon (061) 36975.

Fotografie, ontwerp en produksie: Advantage Windhoek. Posbus 21593. Tel. (061) 22-5665.